

Sondag, 19 Julie 2020
Fokusteks: Romeine 8:18-28

In die Griekse mitologie word vertel dat Zeus, die Griekse Oppergod, aan die mensdom 'n groot kruik geskenk het. Dit was gevul met allerlei goeie gawes, wat eintlik net vir die godedom beskikbaar was. Aan die mensdom is gesê om die kruik nie self oop te maak nie – Zeus sal self kom om dit oop te maak en uit te deel. Maar natuurlik het die mens se nuuskierigheid oorhand gekry. Die deksel is oopgemaak, en die gawes het uitgevlieg en ontsnap, terug na die godedom. Dit was nou vir altyd verlore vir die mensdom. Vinnig is die deksel toegedruk in 'n poging om te keer dat al die gawes ontsnap. Net een gawe kon nie ontsnap nie. Net een gawe was uiteindelik die mensdom beskore – die *hoop*. Van nou af sou die mensdom slegs met *hoop* leef.

Om, volgens die Grieke, met hoop te leef, is maar 'n skrale troos. Die hoop is maar 'n onseker ding. 'n Mens leef in die hoop dat môre en oormôre iets beter sal meebring as die moeilikheid of ellende van vandag. Of die toekoms dit nou wel sal bring is egter onseker. Niemand kan sê of die hoop 'n gegronde hoop, of ydele hoop sal wees nie. Plato, 'n Griekse filosoof, het juis op die teenstelling gewys dat die hoop in ons bloed sit – ons kan nie daarsonder leef nie, en tog kan geen mens seker wees van dit waarop hy sy hoop plaas nie.

Nou, dit kan ons bevestig met ons eie taalgebruik. As jy sê, *ek hoop jy reis veilig na jou bestemming*, dan kan jy die onsekerheid klaar hoor. Jy kan nie met sekerheid sê dat iemand ongeskonde by sy bestemming sal uitkom nie. As jy hoop dat iets gaan gebeur, praat jy al klaar met onsekerheid. Jy weet nie; jy kan niks waarborg nie; jy kan net hoop. En wanneer dinge nie uitwerk soos waarvoor ons gehoop het nie, kom menslike hoop ook tot 'n einde. Dan is ons inderdaad hoop-lose mense.

Dit bly altyd 'n wonderwerk as iemand tot geloof in Christus kom en die Bybel as woord van God aanvaar. Dit moet beslis die werk van die Gees wees, want uit 'n menslike oogpunt en ervaring sal die evangelie nie sin maak nie. Aan die een kant word daar vir die gelowiges gesê: Vrede en genade van God! En aan die ander kant bevind jy jou midde-in 'n samelewing vol gebrokenheid, wat dit moeilik maak om die vrede en genade van God te glo. Ons het reeds deel aan die belofte van 'n nuwe aarde, maar ons voel elke dag nog die stukkendheid van die wêreld waarin ons leef. Ons sing: *Ek sien 'n nuwe hemel kom, 'n aarde nuut en vry*. En tog is ons nog vasgevang in die ellende en lyding van die teenswoordige tyd.

Dit kan nie anders as om spanning by 'n mens te veroorsaak nie. Want jy voel jouself in 'n vakuum, tussen hierdie twee pole - 'n oorwinning oor lyding wat reeds deur Jesus aan die kruis behaal is, en tog leef ons nog met aardse lyding. Daarom is ek daarvan oortuig dat dit net 'n wonderwerk van God kan wees dat 'n mens die evangelie glo.

Gelukkig is hierdie spanning waarmee 'n mens gekonfronteer word nie vreemd aan die Bybel nie. Die Bybel probeer dit nie wegredeneer nie. Die Bybel probeer nie die harde werklikhede en ellende van die mensdom wegpraat nie. Trouens, 'n Geesvervulde kerk is 'n kerk wat elke dag moet sug, d.w.s. wat elke dag moet verlang na die nuwe hemel en aarde van God. Ons moenie ons oë van die stukkende wêreld wegdraai nie. Ons moenie probeer om ons ore te sluit vir die nuusberigte van die dag nie. Nee, hoe meer ons van die stukkendheid van die wêreld bewus word, hoe meer sal ons sug na iets beters, en hoe meer sal ons bid dat God se nuwe wêreld moet kom. As ons dit nie doen nie, beteken dit dat ons maar tevrede geword het met hoe dinge nou vir ons is. Dan het ons te tuis geword op hierdie aarde. Dan het hierdie wêreld met sy natuurrampe, pandemies en maatskaplike ellende vir ons aanvaarbaar geword.

Paulus skryf in v.19 - *Die skepping sien met gespanne verwagting uit na wie God se kinders is*. Die Griekse woord sê letterlik om **met 'n uitgerekte nek te kyk** na dit wat jy verwag. V.22-23 - *Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting*. En nie net die skepping nie, maar **ook ons** wat die

Gees ontvang het... ons sug ook. Dit is nie net eenmaal wat daar “gesug” word nie, maar drie maal (vers 22, 23 en 26). Die skepping sug (22), die gelowiges sug (vers 23) en die Gees self sug ook (26). Van waar al die gesuggery?

Die lewe sug, want daar skort iets groots daarmee. Daar is fout. Maar moenie dink dis 'n sug van moedeloosheid of radeloosheid nie. Dit is 'n sug van ongeduldige hoop. Paulus verduidelik dat die skepping weet daar is iets beters op pad – nie vernietiging of rampe nie, maar 'n radikale verandering en vernuwing. Dis asof Paulus wil sê dat ons in 'n sekere sin ongeduldig is met die koms van die nuwe aarde. Ons kan nie meer wag nie; ons rek ons nekke in verwagting daarop. Want die pyn en hartseer en ellende wat ons in hierdie wêreld ervaar is besig om onuithoudbaar te word.

Maar die Bybel praat anders oor hoop. Vir die Bybel is hoop iets wat vasstaan. Dis gewaarborg. In die Bybel is hoop gelyk aan sekerheid. In Hebr.6:19 word hoop in verband gebring met 'n skip se anker: *Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is.*

Soos wat 'n skip in stormweer veilig is vanweë sy anker, so kan ons lewens vasstaan in die hoop in Christus. Ja, van die toekoms kan ons nie met sekerheid praat nie, daarom hoop ons nie op die toekoms as sodanig nie. Ons hoop op wat God sê oor die toekoms. En hier in Rom.8 word ons verseker van die *belofte van die hoop* (v.24). Wat is dié belofte? Ons is gered, en ons sal van ons verganklikheid bevry word (v.21,24). Ons hoop is in die opgestane Heer gevestig, en daarom kan ons van hoop as 'n stuk sekerheid en vastigheid praat. Juis omdat dit in Jesus, en dan *Jesus as die opgestane Heer* geanker is.

In ons grootste en diepste nood kan ons steeds op Jesus bly hoop. Die skepping smag na iets beters, na uitkoms en bevryding. Die skepping sug, die mensdom sug na God! Maar hoor watter belofte kry ons in v.26 – Terwyl ons sug, terwyl ons swak is, staan die Gees ons by. Die Gees self pleit met versugtinge, Hy praat namens ons, Hy verwoord ons gevoelens en gedagtes. Die Gees sug namens ons! En die Vader verstaan ons gebede en gedagtes beter as wat ons dit self bedoel. Ons mag dalk elke dag bid vir ons aardse behoeftes, maar God weet dat ons eintlik meer as dit nodig het, naamlik 'n nuwe hemel en aarde. Ons het eintlik vir God Self nodig. Moet dus nie bang of skaam wees om maar te struikel oor jou woorde nie. Moenie bekommerd wees as jy nie weet hoe om te bid nie. Die Gees tree vir jou in en praat namens jou.

Wat is ons troos dan? Ons troos is dat God van my weet, alles, ook my diepste pyn en worstelinge. Saam met die Gees van God mag ons maar sug in ons bekommernisse en vrese. Saam moet ons bly hoop op die dag dat die trane finaal afgevee sal word. Saam moet ons God se belofte van 'n nuwe lewe van heerlijkheid aanvaar. Dan sal ons lyding ons nie meer bedreig nie, maar net meer laat sug en uitsien na die dag wanneer dit finaal verby is. Dan sal ons saam met Paulus in v.38 & 39 sê: *Hiervan is ek oortuig - geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

Die Grieke is reg. Hoop is werklik een van die magtigste gawes wat die mensdom ontvang het. In die lig van die Woord is dit egter meer as wat die Grieke ooit kon gedink het. Selfs al bedreig alle onsekerheid 'n mens se lewe, ontvang ons 'n geskenk van God wat dit oorbrug – die belofte van die hoop. Die spreekwoord sê: *Waar daar lewe is, is daar hoop.* God se beloftes sê: *Waar daar hoop is, is daar lewe.*

Gebed (Lied 588:1)

O God van hoop, gee ons u vrede, leer ons soos kinders op U wag.

Ons wil in stryd en moeilikhede van U alleen ons heil verwag.

As ons geen weg meer verder sien nie, help ons om net op U te bou, wat onaantasbaar vas en seker, u Woord en u beloftes hou.